50 dae tot Pinkster

50 Dae tot Pinkster

Inleiding : Hoekom Pinkster?

Pinkster (**Grieks:** "***Pentēkostē***" die ***50ste dag***]) is een van die mees verheefste feeste in die Christelike liturgiese jaar, dit is die herdenking van die neerdaling van die Heilige Gees oor die disiepels van Christus na die opstanding. Pinkster word gevier sewe weke ***(50 dae)*** na Pinkster Sondag. Pinkster val op die tiende dag na Hemelvaart.

Pinkster is geskiedkundig en simbolies verwant aan die Joodse oesfees "Shavuot", die herdenking van die tien gebooie wat God gegee het op die berg Sinai, 50 dae na uittog uit Egipte. Onder Christene word Pinkster herdenk as die neerdaling van die Heilige Gees oor die Apostels en volgelinge van Jesus, soos beskryf word in Handelinge 2:1-31. Pinkster word soms ook beskryf as die "**verjaarsdag van die Kerk**"

Hierdie daaglikse toewyding en Bybel studie is om Kerke (en selgroepe) te help om hulle lidmate te leer oor die Persoon, die belofte, die vereiste, die verbod, die bewys, die aanbidding, en die konstante teenwoordigheid van die Heilige Gees in ons lewens. Dus help ons ons lidmate om met die Heilige Gees vervuld te word.

Die **50 dae** is verdeel in **7 weke** en **7 dae** (plus 1)

INLEIDING

WEEK 1 – Die Persoon

WEEK 2 – Die Belofte

WEEK 3 – Die Voorvereistes

WEEK 4 – Die Hindernisse

WEEK 5 – Die Bewyse

WEEK 6 – Die Teenwoordigheid

WEEK 7 – Die Krag

Week 1 - Persoon

Inleiding

Ons moet in ag neem **WIE** en **WAT** dit **Heilige Gees** is…..
a. Is die Heilige Gees 'n **persoon**, met 'n **"persoonlikheid"**
b. Of is die Heilige Gees slegs 'n **"invloed"** of **"onpersoonlike krag"** wat van God uitgaan?

I. PERSOONLIKE KARAKTER -EIEINSKAPPE VAN DIE HEILIGE GEES

A. HY KAN BESLUITE NEEM (en dus dink)
1. "weet wat die "**bedoeling**" van die Gees is" - **Rom 8:27**

B. HY HET KENNIS…..
1. Hy ken die dieptes van God – **1Kor 2:11**

C. HY BESIT LIEFDE
1. Paulus praat van "liefde wat van die Heilige Gees kom" - **Rom 15:30**

D. HY HET 'N WIL
1. " dieselfde Gees, gawes **uitdeel soos Hy wil**" – **1Kor 12:11**

II. DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES BEVESTIG SY PERSOONLIKHEID

A. DIE HEILIGE GEES PRAAT
1 Tim 4:1 ; Hand 8:29 ; Hand 10:19-20 ; Hand 13:1-4

B. DIE HEILIGE GEES LEER ONS
1. " sal Hy julle alles leer" - **John 14:26**
2. Hy openbaar kennis – **1Kor 11:23 ; Hand 10:19:**

C. Die Heilige Gees GETUIG
1. Hy het oor Jesus getuig - **John 15:26-27**
2. Hy getuig saam met ons gees - **Rom 8:16**

D. Die HEILIGE GEES LEI, HOOR, VERTEL
1. Die werk van Jesus te voltooi - **John 16:12-13**
2. Hy is die leidsman -**Rom 8:14**

E. DIE HEILIGE GEES VERBIED/VERHINDER
1. "die Heilige Gees het hulle verhinder" - **Hand 16:6-7**

F. DIE HEILIGE GEES MAAK VOORSPRAAK
1. Die Heilige Gees tree vir ons in " - **Rom 8:26**
2. Net soos Christus - **Rom 8:34**

G. DIE HEILIGE GEES DOEN NOG DIE VOLGENDE
1. Hy **ontbloot die waarheid**: - **John 16:13**
2. Hy is die **trooster**: - **John 14:16**
3. Hy **help ons** in ons swakheid: - **Rom 8:26**
4. Hy **maak heilig**: - **Romans 15:16**

SONDAG

DAG 1 - MEDE-SKEPPER (God die Heilige Gees)

Open 1:4 *My Genade (liefdevolle goedheid) en vrede vir julle…. van die **sewe Geeste** (sewevoudige Heilige Gees) voor sy troon (Jes 11:2)*

Jes 11:2 Die **Gees van die Here** sal op hom rus—die Gees van **wysheid** en **insig**—die Gees van **raad** en **sterkte**—die Gees wat **kennis** verleen en eerbied vir die Here

Daar is net **EEN** HEILIGE GEES met **sewevoudige** kenmerke, die eerste een " ***die Gees van die Here***"

a. **Hy was deel van die skeppings proses - Gen 1:1-2** In die begin het God die hemel en die aarde geskep. *Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die waters, maar **die Gees van God** het oor die waters gesweef.*

b. Hy is die 3de person in die drie-eenheid - Gen 1:26
God sê, "Kom **ons** maak die mens as **ons** verteenwoordiger, en na **ons** beeld. Sodat hy oor die aarde kan heers

1. **Ander bewyse:** **Gen 3:22** Die Here God het gesê, "Die mens het nou soos **een van ons** geword
2. **Gen 11:7** - " Kom laat **ons** afgaan en verwarring bring in hulle taal, sodat die een nie die ander verstaan nie.
3. **Isaiah 6:8** - "Toe het ek die Here hoor vra: "Wie kan ek stuur? Wie sal **ons** boodskapper wees?
4. **By die Doop van Jesus – Mat 3:16-17** **Jesus** is gedoop en het dadelik uit die water gekom. Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die **Gees van God** soos 'n duif sien neerdaal en op Hom gekom. Daar was '**n stem uit die hemel** wat gesê het: "Dit is my geliefde Seun oor Hom verheug Ek My.(al drie was by met Jesus se doop)
5. **Nog bewyse– 1 John 5:7** Daar is **drie getuie** in die hemel: die **Vader**, die **Woord (Jesus)** en die **Heilige Gees** en die drie is **een**.

Ander plekke waar daar verwys word na die **Gees van die Here**
Rigters 6:34 ; Lukas 4:18 ; Hand 5:9

Ander name vir " die Gees van God" :
Heilige Gees (Matt 1:20;Matt 12:31-32; Hand 7:55);
Die Gees van God (Gen 1:2; Matt 3:16; Matt 12:28**);**
Gees van die Vader (Matt 10:20; Joh 15:26) **;**
Gees van waarheid (Joh 14:17; Joh 15:26; Joh 16:13) ;
Gees van Christus (1 Kor 2:16; Phil 1:19);
Gees van Genade (Heb 10:29) ;
Gees van Jesus (Hand 16:7; Gal 4:6) ;
Gees van die lewende God (2 Kor 3:3);

Gebed: *Heilige Gees help my sodat ek U beter kan leer ken vir wie U werklik is. Ek erken en proklameer dat U 'n persoon is, die derde persoon in die Heilige drie-eenheid. Dankie Vader dat U die Heilige Gees gestuur het, en dankie Heilige Gees dat U gekom het.*

MAANDAG

While **Knowledge** - is the **gain** of information ; **Understanding** is the **comprehension** of that information, and **Wisdom** is the **application** thereof.

***GEBED**: Vader ons gebed is dat U vir ons U Gees van Wysheid en Openbaring van kennis van U sal gee. Sodat ons nie ander sal leer in ons meslike wysheid nie, maar in dit wat ons van U kry. Amen*

DAG 2 – GEES VAN WYSHEID

Jes 11:2 *Die **Gees van die Here** sal op hom rus – die **Gees van wysheid….***

Die Heilige Gees was nie net **'n Gees van Wysheid** *vir Jesus nie*, maar ook vir die gewone mens gee God **'n Gees van Wysheid. Eks 31:3** *en Ek het hom vervul met die Gees van God, met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk.* Sien ook in **Eks 35:31**

- In **Deut 34:9** *En **Josua**, die seun van Nun, was **vol van die Gees van wysheid**, want Moses het hom die hande opgelê*
- **Die getuienis van Daniël** in **Dan 5:11** "*Daar is 'n man in u koningkryk in wie die **gees van die heilige gode is**: in die dae van u vader is verligting en insig en **wysheid** soos die wysheid van die gode in hom gevind.* **Die koning bevestig dit** in **Dan 5:14** *Ek het van jou gehoor dat die **gees van die gode** in jou is, en dat verligting en verstand en **voortreflike wysheid** in jou gevind word.*

- **Soos Ge-profeteer (in Jesaja 11:2) die getuienis van Jesus in Luk 2:40** *En die Kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees en **vol van wysheid**. En die genade van God was op Hom [**Lees : Rigters. 13:24; I Sam. 2:26**.]*

God se belofte in Spr 1:23 *- Wend julle tot my teregwysing, dan laat ek my gees (van wysheid) vir julle uitstroom, wil ek my woorde aan julle bekend maak*

PAULS se gebed vir ons in Efe 1:17 *dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle **Gees van wysheid** en openbaring in kennis van Hom mag gee,*

Die Gees van wysheid is 'n vereiste vir die volkome volheid in jou bediening

Hand 6:3 *Nou, broers, soek sewe mans onder julle uit wat daarvoor bekend is dat hulle **vol van die Heilige Gees is** en **wysheid** het, sodat ons hulle vir hierdie taak kan aanstel.*

Die voordeel – Hand 6:10 *Hulle (ongelowiges) **was egter nie opgewasse** teen die **wysheid wat hy van die Gees ontvang het** en waarmee hy gepraat het nie.*

Ons moet versigtig wees – **1Kor 2:13** *Dit verkondig ons ook, nie met geleerde **woorde wat die menslike wysheid ons leer nie**, maar met woorde wat die **Gees** ons leer. So verklaar ons geestelike dinge aan mense wat die Gees het.*

Ons moet besef dit is 'n geskenk van God - *Aan die een word deur die **Gees** die gawe gegee om 'n woord van **wysheid te praat**, aan 'n ander 'n woord van **kennis** deur dieselfde Gees;*

Die belofte van Jak 1:5 *- **As een van julle wysheid kortkom**, moet hy dit van God **bid**, en **Hy sal dit** aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt.*

DINSDAG

DAG 3 – GEES VAN VERSTAND

Jes 11:2 *Die **Gees van die Here** sal op hom rus: **die Gees** van…… **verstand*** (Begrip)

- **Getuienis van Josef** in **Gen 41:39** ….., dit is duidelik dat niemand soveel **verstand** en **wysheid** as jy het nie.
- **Getuienis van Besaleël** in **Eks 31:3** Ek (God) het hom toegerus met my **Gees van God** sodat hy met vaardigheid, **insig** (begrip) en **verstand** enige werk kan doen:
- **Eks 36:1** Besaleël, Oholiab en al die ander vakmanne **vir wie die Here** die vaardigheid en **verstand** gegee het om te weet hoe om al die werk aan die heiligdom uit te voer, moet die werk doen soos die Here beveel het."
- **Sien ook 1Konings 7:14**
- **MOSES se gebed in Eks 33:13** (Ex 35:31) As U my dan goedgesind is, maak my u wil bekend, **sodat ek U kan leer ken** en kan doen wat U verwag. Die Here het hom toegerus met sy Gees sodat hy **met vaardigheid, insig en verstand** enige werk kan doen:
- **Salomo se gebed – 1Kon 3:9 Gee** my die **gehoorsaamheid** aan U dat ek u volk reg sal regeer en in alles **insig** sal hê, want wie kan uit homself hierdie groot volk van U regeer!"

Antwoord op Salomo se gebed - **1Kon 4:29** *God het aan Salomo baie groot wysheid en **verstand gegee** en **insig** in soveel sake as wat daar sand aan die see is.*

Leierskaps kandidate het 'n Gees van verstand (begrip) nodig : **Deut 1:13** *Bring uit julle stamme **verstandige** manne, manne met insig, manne van aansien, sodat ek hulle as **hoofde** oor julle kan aanstel.'*

1Kro 22:12 *Mag die Here jou tog net **verstand** en **insig** gee en die nodige opdragte in verband met Israel, dat jy die wet van die Here jou God kan nakom.*

Nogtans is hierdie 'n God gegewe gawe

Job 32:8 *Maar dit is die gees in die mens wat die mens insig gee, **die gees wat van die Almagtige af kom.***

Spr 2:6 *Dit is die Here wat die wysheid gee, **uit sy mond kom die kennis en verstand (die insig.)***

Kol 1:9 …ons vra God dat Hy deur al die wysheid en **insig** wat die Gees gee, julle sy wil duidelik sal laat ken….

2Tim 2:7 …. die Here sal jou **insig** gee om alles te verstaan.

God se belofte in Heb 10:16 *… Ek sal hulle my wette in die hart gee, in hulle **verstand sal Ek dit skrywe."***

***DAVID SE GETUIENIS* - Psa 119:99**

(NV) Ek munt uit bo al my leermeesters, want u verordeninge bly my by. .... Ek is **verstandiger** as al my leermeesters, want u getuienisse is my bepeinsing.(O.V) **Lees ook - *2 Tim. 3:15.***

2Tess 3:5 Mag die Here julle gedagtes rig op die liefde van God en die volharding van Christus!

***GEBED**: Vader, gee ons weereens die verstand en begrip deur U Woord en U Gees om ten volle te begryp die prys wat Jesus vir ons betaal het , Gee ons die Krag om ons MISSIE te vervul volgens U wil. Amen*

WOENSDAG

Wie hom nie aan die woorde van die Here steur nie, sal die gevolge dra; wie eerbied het vir sy gebooie, sal die goeie vrugte pluk.

Pro 13:13

GEBED : *Here help ons om U RAAD te soek en nie op ons eie staat te maak nie; Helige Gees lei ons, en rig ons ,want U woon hier in ons . Amen*

DAG 4 - GEES VAN BERADING

Jes 11:2 *die Gees wat **raad** en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die Here. – **Die Gees van berading***

Die voorspelling oor Jesus in Jes 9:6 *Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare **Raadsman**, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.*

Jesus proklameer in Joh 16:7 *Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal **die Trooster** nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur;*

Joh 14:26 Die …**Trooster** (**Berader)**…die Heilige Gees, …

I. Hy sal jou alle dinge **leer**
II. Hy sal julle **herinner** aan alles wat Ek vir julle gese het.
III. Hy (hyself) sal **getuig** oor My …. **Joh 15:26**

Job 12:13 *By God is wysheid en krag, by Hom is **raad en insig**.*

WAAROM BENODIG ONS DIE GEES VAN BERADING ?
Soek na God se versekering - **Rig 18:5** "Vra tog vir God of ons onderneming wat ons aangepak het, goed sal verloop of nie!"
Lees : **Job 29:4 ; Psalm 16:7**

Op soek na God se voorkeur - **Rig 20:18** *Die Israeliete het **gevra**: "**Wie van ons** moet eerste optrek om teen Benjamin te gaan veg?" Die Here het geantwoord: "Juda moet eerste gaan."*

Op soek na God se Leiding - **1Sam 14:37** ***Toe** het Saul vir God **gevra**: "Moet ek die Filistyne agtervolg?*
Psalm 73:24 ***U lei my met u raad** en aan die einde sal U my in ere by U opneem.*
Psalm 32:8 *Ek wil jou onderrig **en jou die pad leer wat jy moet volg.** Ek wil jou **raad** gee en my oog oor jou hou.*

DIE VOORDELE VAN DIE GEES VAN BERADING

- Dit Staan vir altyd vas **- Psalm 33:11**
- Dit bring vreugde en oorwinning - **Spr 24:6**
- Ons word geleer om te maai wat ons saai - **Jes 28:29**
- Ons kry ons vergoeding - **Jer 32:19**
- Ons dien ons generasie volgens God se wil, doel en Raad - Net soos David in sy tyd het – Hand **13:36**
- Ons kry ons erfporsie soos beskryf in God se woord - **Efes 1:11**

Wees goeie ouers - **Efes 6:4** *En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met **tug en vermaning soos die Here dit wil***

DONDERDAG

DAG 5 – Gees van Krag(Sterkte)

Jes 11:2 *Die Gees van die Here sal op hom rus: die Gees wat* ***wysheid en insig*** *gee, die Gees wat* ***raad*** *en* ***sterkte*** *gee, die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die Here.*
(CEV) ….He will be **powerfu**l, …(DRB) the spirit of **fortitude**,
(GW) The Spirit of ..**power,** …
Die Hebreeuse woord- :"*gheb-oo-raw'* - beteken : **waagmoed** ; ***dapperheid*** , *oorwinning ; mag;* - magtig, krag – **Eng**: *valor, victory:* - force, *mastery, might, mighty (act, power), power, strength*.
Lydsaamheid(Fortitude) is algemeen bekend as **WAAG*MOED***, maar **LYDSAAMHEID** is altyd **berekend**; die persoon wat LYDSAAM is, is bereid om homself in gevaar te plaas, maar soek nie die gevaar terwille van die gevaar nie..

Die Getuienis oor Jesus in Luk 4:14 *Jesus het na Galilea toe teruggegaan vol van* ***die krag van die Gees****, en berigte oor Hom het deur die hele omgewing versprei.*

ONS HET DIE GEES VAN (STERKTE) KRAG NODIG

1. **Krag om 'n getuie te wees**. - **Han 1:8** Maar julle sal **krag** ontvang wanneer die **Heilige Gees** oor julle kom, en **julle sal my getuies** wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."
Net soos die profeet - **Mic 3:8** Ek, daarenteen, het baie **krag**, ek het die Gees van die Here,
    1. **'n sin vir reg** (regverdigheid)
    2. en die **moed** om aan Jakob sy sonde bekend te maak, aan Israel sy oortreding.
2. **Krag om voort te bring - Luk 1:35** Die engel antwoord haar: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste **sal die lewe in jou wek**. ….
3. **Krag om duiwels uit te dryf - Mat 12:28** "Aangesien Ek deur die **Gees van God** die bose geeste uitdryf, het die koninkry van God inderdaad tot by julle gekom.
4. **Krag van ware aanbidding - Joh 4:23-24** Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die **Vader deur die Gees** en in **waarheid** sal aanbid, …. God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid."
5. **Krag van wonderwerke en tekens - Rom 15:19** deur **kragtige tekens en wonders,** in die krag van die Gees van God. **Lees: 1Kor 12:10 ; 2 Kor 12:12 ; Heb 2:4**

6. **Krag om die woord te bevestig - 1Kor 2:4** *Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees.*
7. **Krag om NIE te Vrees - 2Tim 1:7** *Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie* ***lafhartig*** *nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.*

GEBED *: Here skenk ons die Krag om U getuies te wees, Gee ons genoeg waagmoed om met mense te deel , en NIE mense te vrees nie; Mag ons genoeg liefde he om hulle te konfronteer en nie toe te laat dat hulle hel toe gaan nie. Amen.*

VRYDAG

DAG 6 – GEES VAN INSIG (KENNIS)

Jes 11:2 Die Gees van die Here sal op hom rus: die Gees wat **insig gee(NV)….Gees van Kennis(OV)**

Getuienis van Daniël - Dan 5:12 *Hierdie man Daniël vir wie die koning die naam Beltsasar gegee het, het buitengewone bekwaamheid en **kennis en insig** om drome uit te lê,…*

Getuienis van Jesus - Kol 2:3 en in Hom is al die verborge skatte van wysheid en **kennis** te vind.

Die Belofte van die Gees - Joh 14:26 *en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur……..*

- Hy sal julle alles leer
- en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.
- **Joh 15:26** …, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.

DIE GAWE VAN DIE GEES – 1Kor 12:8 *Aan die een word deur die Gees die gawe gegee om 'n woord van wysheid te praat, aan 'n ander 'n **woord van kennis** deur dieselfde Gees;*

DIE BEDIENING DEUR DIE GEES ….**Eph 4:11-13** *En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. ….. So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons **kennis van die Seun van God**. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.*

KENNIS IS 'N GAWE Eph 1:8-9 wat Hy in al sy wysheid en **insig** so oorvloedig aan ons geskenk het.
Eph 1:9 Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak
Ons verstaan Genade - 2Pet 1:2 *Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die **kennis van God** en Jesus, onse Here!*
Eph 1:2 *Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!*
Ons keer ons self goed as Leiers van God **– 2Kor 6:4-6**

PAULUS SE GEBED :
Kol 1:9 … Ons vra God dat Hy deur al die **wysheid en insig** wat die Gees gee, **Kol 1:10** *sodat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in **die kennis van God.***
Efe 1:17 …. bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken.

Gebed** : Vader ons bid dat ons gevul sal word met 'n diepe helder kennis van God . Gee ons U Gees van Kennis en Insig in die openbaringe van God en help ons te groei in die Kennis van onse **AMEN

DAG 7 – GEES VAN DIE VREES VAN DIE HERE

SATERDAG

Jes 11:2 en van die Vrees van die Gees

WYSHEID IS: VREES VAN DIE HERE
Job 28:28- En Hy het vir die mens gesê: **Om die Here te dien**, dit is wysheid, om die kwaad te vermy, dit is insig."
(Spr 1:7) Kennis begin met die **dien van die Here**; dit is net dwase wat wysheid en opvoeding gering ag.
(Spr 9:10) Wysheid begin met die **dien van die Here**; wie die Heilige ken, het werklik insig.
(Spr 2:5) Dan sal jy weet hoe **om die Here te dien**, sal jy ontdek wat dit is om God te ken.
(Spr 3:7) Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, **dien die Here** en vermy wat sleg is:
(Psl 111:10) Wysheid begin met die dien van die Here; almal wat dit doen, het **ware insig**. Die roem van die Here hou altyd stand.

WAT IS DIE VREES VAN DIE HERE?
Om die Here te dien, is om onderrig te word in wysheid; **(Spr 15:33)**
Om die Here te dien, is **om te haat wat verkeerd is**. Daarom haat ek hoogmoed en hovaardigheid, 'n verkeerde lewe en slinkse woorde. **(Spr 8:13)**
EN NOU, …. **wat is dit wat die Here van jou vra (verwag) ?,**

- Om die Here **te vrees**, Hom moet jy eer **(Deut 10:12**)
- en in **gehoorsaamheid** aan die Here gelewe. **(Hand 9:31)**
- Hom **lief te hê**, (sy stem te gehoorsaam)
- Om die Here jou God met jou hele hart en siel te **dien**
- …, jy moet Hom dien en aanhang. **(Deut 13:4)**

DIE VREES VAN DIE HERE IS NIE OPSIONEEL, MAAR VERPLIGTEND
Lev 19:14; Lev 19:32; Deu 10:20; 1Sa 12:24; 2Ki 17:36; 2Ki 17:39; Mal 3:5; Psl 86:11; Psl 96:9);(Psl 102:15);(Psl 118:4);
Psl 135:20 ;(Spr 15:16); (Spr 1:29) ; (Jer 5:24); (Spr 23:17) ;
(2Ki 17:34); (2Kro 14:14);(2Kro 17:10);(2Kro 19:7);(2Kro 19:9);
(2Ch 20:29); (1Sa 11:7) ;(Job 1:9); (Psa 2:11); (Pro 24:21);
(Jes 2:10-21);(Jes 8:13); (Mal 1:12); (Psl 22:23);(Hos 3:5);
(Joh 1:9) (Psl 33:8) (Han 19:17) (Psl 36:1) (Psl 40:3) (1Kon 18:12)
(Neh 1:11) ;(Psl 19:9) (Jes 11:3) (Mal 1:6) (Psl 15:4) (Jes 33:6)

BELOFTES AAN HULLE WAT DIE HERE VREES (DIEN):
(Psl 33:18) … dié wat Hom eer, vir dié wat op sy mag vertrou
(Psl 34:7) Die Engel van die Here slaan sy laer op rondom dié wat die Here dien, en red hulle.
(Psl 25:14) Die Here neem dié wat Hom dien, in sy vertroue en maak sy verbond aan hulle bekend.
(Psl 34:9) …..: Julle wat aan die Here behoort, dien Hom! Wie Hom dien, het geen gebrek nie.
(Jes 59:19) Wanneer die teëstander aanstorm soos 'n rivier, jaag die Gees van die Here hom op loop.

Beloftes aan Samuel en Saul (1Sam 12:14) As julle

- eerbied aan die Here betoon,
- Hom **dien** en,
- Sy **stem** gehoorsaam en,
- julle ook nie **verset** teen die bevel van die Here nie,

(**Die belofte**)…. **Dan** – sal julle sowel as die koning wat oor julle regeer, sal die Here julle God by julle wees.

DIE HEILIGE GEES WERK IN ONS DIE VREES VAN DIE HERE

(**Open 15:4) Wie sal U nie vrees nie,** Here, en u Naam nie verheerlik nie? **U alleen is heilig!** Al die nasies sal kom en U aanbid, want hulle sal sien dat u handelwyse regverdig is."
(**Amo 3:8**) Die leeu het gebrul, wie sal nie bang wees nie? Die Here God het gepraat, wie sal nie as profeet optree nie?

DIE VREES VAN DIE HERE MOET AANGELEER WORD

(2Ko 17:28) en hy het hulle **geleer** hoe hulle die Here moet vereer.
(Psl 34:11); (Deu 14:23); (Deu 17:19);(Deu 31:12-13);(Jos 4:24)

HOE WORD DIE VREES VAN DIE HERE GEOPENBAAR ?

Hoe ons mekaar behandel - (Lev 25:17) Uit eerbied vir julle God mag julle mekaar nie uitbuit nie. Ek is die Here julle God.
In gehoorsaamheid - (Deu 6:2) God jou lewe lank kan dien en gehoorsaam wees aan sy voorskrifte en gebooie wat ek jou gegee het, **(Deu 6:24); (Deu 8:6)(Deu 28:58)**
In ons bediening - (Deu 6:13) Jy moet die Here jou God eer en dien en net in sy Naam 'n eed aflê.
Geen afgode - (Jos 24:14) … Sien af van die gode wat julle voorvaders anderkant die Eufraat en in Egipte gedien het, en dien die Here.

DIE VOORDELE VAN DIE VREES VAN DIE HERE

(Spr 10:27) Wie die Here dien, lewe lank;
(Spr 14:26) Wie die Here dien, het daarin 'n veilige toevlug,
(Spr 14:27) Wie die Here dien, vind daarin 'n bron van lewe; dit laat jou die strikke van die dood ontkom.
(Spr 22:4) Wie nederig is, dien die Here en ontvang rykdom, eer en lewe.
(Spr 16:6) …. Liefde en trou bring versoening waar daar verkeerd gehandel is; kwaad word vermy deur die Here te dien.
(Spr 19:23) Wie die Here dien, se lewe is veilig; so 'n mens slaap rustig, geen ramp tref hom nie.
(Psl 147:11) maar Hy stel prys op dié wat Hom dien, dié wat hulle hoop vestig op sy trou.
(Psl 115:13) Hy seën dié wat Hom dien, klein en groot.
(Psl 103:17) as die woestynwind daaroor waai, is dit weg en sy plek vir altyd leeg.
(Psl 103:13) Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien.
(Psl 115:11) Julle wat die Here dien, vertrou op die Here! Hy help en beskerm julle.

***Prayer** : Ons Vader werk in my die vrees van die Here sodat ek U beter kan DIEn en U in alles gehoorsaam te wees, Help my om NIE teen U Woord of Gees te rebelleer nie ; Dankie da tons kan weet dit is tot ons voordeel om die Here te Vrees. Amen .*

SELGROEP-MATERIAAL - Week 1

1. Verwelkoming
2. Aanbidding :
3. Woord:

Bespreek die volgende eienskappe van die Heilige Gees

1. Die Gees **lei** – Gal 6:1; Gal 5:18,25; Rom 8:14; Joh 16:13-15; Han 26:25; Han 21:11; Han 21:4
2. Die Gees **Leer** – Ps 143:10 ; 1 Joh 2:27-28 ; Joh 14:26 ; 1 Kor 2:13
3. Die Gees help ons die Bybel **verstaan** – Luk 24:45 ; 2 Tim 3:16-17
4. Die Gees ons **onderhou –** 2 Tim 1:14
5. Die Gees **oortuig** ons – 1 Tess 1:5 ; Joh 16:8 ; Han 13:2
6. Die Gees **ontbloot** Christus – Efe 1:17 ; 2 Kor 3:3 ; 1 Kor 2:16
7. Die Gees **getuig** saam ons – Rom 9:1
8. Die Gees help ons **bid** – Rom 8:26
9. Die Gees help met **voorspellings** – Han 21:11 l Han 11:28
10. Die Gees **bemoedig** – Han 11:12 ; Han 9:31
11. Die Gees ontbloot **kennis** – 1Ko 11:23 ; Han 10:19:
12. Hy **Lei**: -**Rom 8:14**
13. HY **ontbloot die waarheid:** - **Joh 16:13**
14. Hy **vertroos**: - **Joh 14:16**
15. Hy help ons in ons swakheid: - **Rom 8:26**
16. HY help met **dieppe soeke** na God : -**1 Kor 2:11**
17. Hy **Seën**: - **Rom 15:16**
18. HY dra getuienis: -**Rom 8:16**

2. Die Heilige Gees kan soos: ('n persoon wees)

A. HY KAN BEDROEF WORD ...
1. - moenie die Heilige Gees van God bedroef nie,**Efe 4:30**

B. DAAR KAN TEEN DIE HEILIGE GEES GELASTER WORD
1. Deur die Heilige Gees se werk as "duiwels" te beskou
2. die lastering teen die Heilige Gees kan nie vergewe word **Mat 12:31-32**

C. HY KAN BELEDIG WORD
1. As iemand die wet van Moses oortree, en twee of drie Getuies bevestig dit, word hy nie begenadig nie, hy word doodgemaak. - **Heb 10:29**

2.Wanneer ons "opsetlik" bly sondig - **Heb 10:26**

D. DAAR KAN VIR HOM GELIEG WORD
1. "Ananias, hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige Gees te lieg - Han 5:3

E. HY KAN TEENGESTAAN WORD
1. Julle weerstaan altyd die Heilige Gees - **Han 7:51**
2. en tog het julle dit nie gehoorsaam nie." Han **7: 52-53**

F. HY KAN ONDERDRUK WORD: -**1 Thes 5:19**

SLOTSOM

Dank die Here dat jy Hom persoonlik kan ken , deur die persoon van die Heilige Gees te ken. **BID VIR MEKAAR.**